jouwêreld
jou e-tydskrif

jou*leefstyl*

Om te *blog* of nie te *blog* nie

Almal het al van *blogs* gehoor, maar wie op aarde *blog*? Waar doen hulle dit, en waarom?

deur Rozanne Myburgh
rozannemyburgh@gmail.com

Wat op aarde is 'n *blog*?

Tensy jy êrens op 'n vergete plekkie in 'n afgeleë woestyn woon, moes jy al die konsep van *blogging* teëgekom het. Ons goeie vriende by Wikipedia meen dat 'n *blog* of webjoernaal (soos hulle verkies om dit te noem) 'n webwerf is wat gereeld - soms meer as een keer per dag – opgedateer word en waarop die inligting in chronologiese volgorde (volgens datum) weergegee word. Besoekers vind ook op die tuisblad die mees onlangse bydraes. Die outeur skep in wese 'n logboek van inligting wat hy met sy publiek, die besoekers aan sy webjoernaal, wil deel. Gewoonlik bestaan 'n webjoernaal uit teks, maar kan ook om foto's ('n fotowebjoernaal), video (*vlog*) of klank (podgooi of, op Engels *podcast*) gaan. *Blogs* bied hul lesers ook gewoonlik die geleentheid om reaksies op artikels te plaas.

Die gewildheid van *blogs*

Blogging word meestal deur individue, wat oor hul eie lewens en opinies skryf, gedoen. En siende dat elke mens die belangrikste persoon in hul eie lewe is, wonder mens hoe 'n *blog* dan gewild kan raak. Daar is drie maniere waarop *blogs* gewild word. Die eerste is deur verwysings (*citations*) op ander *blogs* of webwerwe of deur middel van affiliasie, byvoorbeeld webjoernaalrolle (*blogrolls*). Dit kan ook gelys word op verskillende webwerwe waarop gebruikers hul gunstelinge lys. In Suid-Afrika is Afrigator, Amatomu en Muti die toonaangewende webwerwe vir gunstelinge.

Die moets en moenies van *blog*land

Daar is 'n paar basiese riglyne vir 'n suksesvolle *blog*. Gaan lees ook ander mense se *blogs*, veral die suksesvolste *blogs* om te sien wat hulle doen en nie doen nie.

Matthew Buckland van Thought leader en Amatomu gee die volgende riglyne:
1. Wees altyd eerlik. Erken wanneer jy 'n fout gemaak het en moet nooit probeer om jou lesers om die bos te lei nie.
2. *Links* is die beste en vinnigste manier om te groei. Gee erkenning aan ander skrywers se werk wat jy gebruik deur na hul blogs te *link*. Bou ook jou eie *blog*-gemeenskap op deur ander *bloggers* op jou *blogroll* te plaas.
3. Antwoord altyd op die terugvoer wat jy van ander kry. Dis verniet en bou goeie verhoudinge.
4. Probeer ook soveel moontlik op ander *blogs* terugvoer gee. Dit dien ook as 'n verniet *link* terug na jou eie *blog* toe.
5. Gee jou *blog* 'n persoonlikheid. Maak dit pret en interessant. Dit is die enigste manier om te verseker dat lesers male sonder tal sal terugkeer.

So van *blogging* gepraat . . . waarom *blog* jy?

In die soektog na redes om te *blog* of nie te *blog* nie, het ek oor 'n reeks inskrywings, van ander se redes om aan hierdie kontaksport deel te neem, gestruikel.
"Ons almal blog vir 'n rede en dit is nie noodwendig 'n wen-blog nie maar iemand lees dit, jou gedagtes jou herinneringe en jou pyn, selfs jou lag." sê Tweeling wat haar sê by litnetblogs sê.

SpekBek sê in dieselfde inskrywing: "Ek blog want ek is 'n wannabe skrywer. Ek lei aan 'n narsistiese begeerte dat iemand tog net iets van my moet lees."

"Alleen in my lief vir Afrikaans my lief vir skryf vir die prosa en poësie die skeppende die sielsvoedende. Alleen in my dink en verstaan. En meer dikwels die gloed, seer! warm! rou! en etterend! in die verstaan!
Omdat ek seer het. Wat ek maar versigtig hier en daar ter woorde lê . . . wat ek wil vertel op papier vaspen aan die kruis van die skerm, wil hang en van ontslae raak. Wil verwoord en aan bande lê sonder om bloot net daarvan weg te hol.
Om myself te verbeel ek dra by tot iets groter, iets beter! Is deel van iets groter as myself..." is deel van fairybloom se beweegredes.

Die skrywer, Willem Anker, het in sy publikasie, *Siegfried*, nog 'n donkerder prentjie van die mens se behoefte om te *blog* geskets:
". . . Blogs - mense log aan en het hul eie ruimte waarin hulle hulleself kan maak en hermaak en vermaak aan al die selwe kan uitgee in die wêreld van die www. Maak jou eie rimpel in die riool van die net. Skree ek is ook hier. En so aan. Dan die statistiek: die meeste van die mense wat dit begin, hou hulle blogs by, brei hul lewens uit, probeer sê ek is ook 'n mens. Dan die stats: net 4% van al die siele wat hierop aanlog, lees iemand anders se woorde. Elkeen gaan terug na dit wat hy self gister geskryf het. Is ek nog hier? Wie was ek gister? Selfkennis in 'n tyd waar geheue downloadable en medikeerbaar is. Jy wil letsels los. Die wêreld is 'n toegegroeide wond. Al is dit ook nie vir ewig nie. Na 'n maand of wat waarin jou woorde alleen gelos word, verdwyn hulle eenvoudig van die www af. Maak plek vir die volgende Ek is . . . "

Lekker *blogs* om jou *blog*spiere te strek

* Onder die maan en sterre
* Gaan loer wie almal by litnetblogs *blog*
* Lees op duskant van nog ‘n *blogger* se lewe en opinies
* Willeklong beweer die geskrifte is vars, trots en lekker Afrikaans
* Lees *blogs* in Afrikaans op blogcatalog
* Johan Swarts is 'n MA-student wat aan die Universiteit Stellenbosch studeer – sy tesis fokus op Afrikaanse *blogs*.

Nog hulpmiddels om jou *blog*lewe makliker te maak

* Vergelyking tussen die verskillende *blogging*-sagteware
* Skep vir jou 'n profiel by linetblogs
* Of skep vir jou 'n gratis wordpress-profiel
* Weblogs gee raad en wenke met jou *blog*
* Kyk na ander *blogs* op Muti, Amatomu en Afrigator

Hoe meet jy die sukses van jou *blog*?

As jy 'n *blog* het, is dit belangrik om te weet waar jou besoekers (*traffic*) vandaan kom, wat hulle lees en hoeveel tyd hulle op jou *blog* spandeer. Daar is 'n verskeidenheid statistiek-sagteware op die mark beskikbaar. Probeer gerus enigeen van ons top 5:
* Google Analytics
* StatCounter
* SiteMeter
* AWStats
* MyBlogLog